

Só lyk die nuwe, byderwetse ingang na die fabriekskompleks in Fabriekstraat, Kuilsrivier.

Eens vervalle gebou nou byderwetse nywerheidspark

'n VERVALLE fabriekskompleks in Kuilsrivier met 'n vloerruimte van 12 000 m² is pas met vernuf teen sowat R2 miljoen in 'n byderwetse nywerheidspark omgeskep.

Die geboue is deur mnr. Tony Cotterell van Oos-Londen gekoop. Hy het 'n Kaapse argitek, mnr. Chris Bam van Christian Bam Argitekte, opdrag gegee om dit te herontwikkel, wat hom besonder goed van sy taak gekwyt het.

Die vertrekke van die kompleks in Fabriekstraat kan in groottes van 80 m² tot 5 502 m² verdeel word volgens huurderbehoeftes.

Drie vrystaande eenhede van onderskeidelik 90 m², 300 m² en 5 502 m² word gebruik, en nog drie van onderskeidelik 1 177 m², 1 806 m² en 3 293 m² is pas voltooi.

Die bemarkingsagent is mnr. Gary Luyt van Realty 1. Hy kan by ☎ 99-1018 of 99-6848 gebel word.